



eduresourceza.com



Proefeksamen Vr. 1

Graad 12

Afrikaans Eerste Addisionele Taal
4 September 2018

TYD: 2½ uur

PUNTE: 100

Opgestel deur J Gaines (Hillcrest) en T Burger (Mt Richmore)
Intern gemodereer deur D Graves

Naam:

Registerklas:

Instruksies:

- Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
- Hierdie vraestel bestaan uit **VIER AFDELINGS**:
 - Afdeling A** Leesbegrip (30 punte)
 - Afdeling B** Opsomming (10 punte)
 - Afdeling C** Poësie (30 punte)
 - Afdeling D** Taal (30 punte)
- Beantwoord **AL** die vrae.
- Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
- Begin elke afdeling op 'n **nuwe bladsy**.
- Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
- **ALLE** vrae moet in **Afrikaans** beantwoord word.

AFDELING A LEESBEGRIP**VRAAG 1 ARTIKEL**

Lees die volgende artikel deur en beantwoord dan die daaropvolgende vrae:

Ja, Jy's 'n 'BRAND'!

Wees sêlf jou BESTE produk

Deur Julia Fourie

'n Sterk persoonlike handelsmerk – of *brand* – waarborg deesdae sukses. Almal ken Nike, Coke en Levi, groot internasionale rolspeleers – en almal groot sakeondernemings. Plaaslik is van die tophandelsmerke Mrs Ball's-blatjang, Ama Kip-Kip en Simba. Maar het dit nie tyd geword om jou eie persoonlike handelsmerk uit te bou nie?

Vandag word jong gegradueerdes aangeraai om hul persoonlike handelsmerk te vestig voor hulle vir werksonderhoude gaan (<https://sproutsocial.com/insights/personal-branding/>). Maar dit is nooit te laat om te begin nie.

Sake- en leefstylafrigter Julia Fourie van Durbanville sê “Bepaal wat jou langtermynvisie is. En wat die doel van jou handelsmerk is. As jy vir 'n werksonderhoud gaan, of 'n entrepreneur wil word, sal jy dit anders aanpak as wanneer jy nuwe vriende by die 'mall' ontmoet.

Wees eg en onthou eerste indrukke tel. “Of dit is wanneer jy iemand ontmoet of op sosiale media verskyn, maak seker jy straal die beeld uit wat jy wil hê die wêreld moet sien. Jou klere, lyftaal, nuanses in jou stem, wat jy sê, of subtiel genoeg is om nie te sê nie – dit is wie en wat jy is of wil verteenwoordig. Dis jou *brand*,” sê Julia. “Onthou, die Amerikaner Malcolm Gladwell skryf in *Blink* [Little, Brown and Company, 2005] voor jy nog jou oë geknip het, vel jy al 'n waardeoordeel oor iemand.”

George Knoke, vryskut-dosent van Johannesburg aan die *Institute of Marketing Management (IMM)*, wat op handelsmerke, digitale bemarking en sosiale media fokus, voeg by: “Opinies word binne vyf sekondes gevorm, voordat jy nog jou mond oopgemaak het. En as jy 'n slegte indruk gemaak het, neem dit tot twintig jaar om dit te herstel.”

Hy beskryf die drie kenmerke van 'n goeie persoonlike handelsmerk as geloofwaardigheid, aantreklikheid (fisiek, intellektueel, persoonlikheid en leefstyl) en mag. Die vermoë om goed met die media oor die weg te kom is ook belangrik. “Die kletskoningin Oprah Winfrey, komediant Trevor Noah, tennissterre Roger Federer en Rafael Nadal, aktrise Charlize Theron, sangeresse Madonna en Carike Keuzenkamp en Michelin-shef Jan Hendrik van der Westhuizen is uitstekende voorbeelde.” George meen voorts Karen Zoid is 'n “*funky brand*” wat goed werk. Mense hou van haar en kan met haar eerlikheid identifiseer. Hy reken dit sal goed wees as kinders reeds op skool ingelig word oor die waarde van 'n handelsmerk – veral in vandag se ekonomiese tye, waar jy nêrens sal kom as jy jouself nie bemark nie.

Marciel Hopkins, motivering spreker, plusgrootte model en leefstylafrigter, beheer haar persoonlike handelsmerk baie streng, “byna soos 'n uitvoerende hoof van 'n maatskappy. Jy is 'n lopende CV-weergawe van jouself. Jou naam moet vir jou deure oopmaak terwyl jy nog iewers heen op pad is. Ek het my *brand* binne 'n jaar opgebou en werk daaglik daaraan. Ek het 55 200, 10 900 en 1 650 volgelinge op onderskeidelik Instagram, Facebook en Twitter. Met sosiale media het ek soveel meer mense bereik, ook

Gr 12 Proefeksamen Vraestel 1 2018 Curro Hillcrest en Mt Richmond

in ander lande. Ek het byvoorbeeld baie volgelingen in Europa en Suid-Amerika. My kernbeginsels: ek is outentiek, kreatief, interessant, altyd eerlik en betroubaar. Niemand het my gehelp om dit te skep nie – dit het organies gebeur nadat ek my proses van liggaamsaanvaarding met my volgelingen begin deel het. Mense is siek vir na-apers. Die wêreld se verbeelding word aangegryp deur iemand wat bereid is om te waag. Hulle wen.”

(Verwerk uit *Sarie*, Januarie 2018)

- 1.1. **Wat** is die ‘*BRAND*’ waarvan die artikel praat? (1)
- 1.2. **Noem twee** plaaslike handelsname. (2)
- 1.3. **Waarom** dink jy word jong gegradueerdes aangeraai om hul handelsmerk te vestig voor hulle vir werksonderhoude gaan? (1)
- 1.4. **Verduidelik** wat dit beteken om ‘eg’ te wees? (1)
- 1.5. **Haal ‘n sin aan** wat volgens Julia jou ‘*brand*’ verteenwoordig. (1)
- 1.6. **Bespreek** die **kontras** tussen ‘n goeie eerste indruk en die herstel van ‘n slegte indruk. (2)
- 1.7. **Noem drie** kenmerke wat George Knoke as ‘n goeie persoonlike handelsmerk beskryf. (3)
- 1.8. **Waarom** is dit belangrik dat kinders op skool ingelig moet word oor die waarde van ‘n handelsmerk? (1)
- 1.9. **Wat** reken Marciel Hopkins moet jou naam vir jou kan doen? (1)
- 1.10. **Wat** gebruik Marciel om ‘n ‘*brand*’ op te bou? **Noem** die **platforms** wat sy gebruik. (1)
- 1.11. **Noem twee** van Marciel se kernbeginsels? (2)
- 1.12. **Wat** dink jy is jou kernbeginsels / kenmerke? (1)

[17]

VRAAG 2 ADVERTENSIE



<http://www.goeiehuishouding.co.za/resepte-vir-braaidag>

- 2.1. **Wat** word geadverteer? (1)
- 2.2. **Wie** is Jan Braai? (1)
- 2.3. **Wat** is die teikenmark van die advertensie? (1)
- 2.4. Kies die **mees korrekte** antwoord. (1)
Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter neer.

“Die demokratiese republiek van BRAAI” is ’n speel van woorde vir:

- A. ’n Eg Suid Afrikaanse erfenis.
 - B. ’n Denkebeeldige plek.
 - C. Die braaikoning se republiek
 - D. Huisgenoot se republiek
- 2.5. In jou opinie, hoe dra die **foto** by tot die effektiwiteit van die advertensie? (1)
 - 2.6. In jou opinie, hoe dra die **lettertipes** by tot die effektiwiteit van die advertensie? (1)

[6]

VRAAG 3 SPOTPRENT



<https://twitter.com/netwerk24berig/status/514821663070773248>

- 3.1. 3.1.1. **Wat** feesvier die twee mans? Gee 'n bewys uit die spotprent. (1)
 3.1.2. **Hoe** vier hulle die dag? (1)
- 3.2. Is die stelling **WAAR** of **ONWAAR**. Gee 'n rede vir jou antwoord.
Die twee mans het dieselfde erfenis. (2)
- 3.3. Kies die **korrekte** antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.
 Die spraakbobbels wat uit die televisie kom maak gebruik van verskeie leestekens omdat:
 A. Die mense op die televisie hard skreeu.
 B. Hulle 'n taal praat wat ons nie verstaan nie.
 C. Hulle vloek.
 D. Hulle gebruik gebaretaal. (1)
- 3.4. **Waarom** dink jy vra die manne wie se erfenis hulle is? (1)
- 3.5. **Wat** is "Die Antwoord"? (1)
 [7]

AFDELING A: 30 PUNTE

AFDELING B OPSOMMING**VRAAG 4**

Lees die volgende wenke (tips) van Anika Marais wat dit makliker sal maak wanneer 'n mens gaan reis. Som haar VYF belangrikste wenke puntsgewys op.

- **Nommer** jou wenke van 1 tot 5.
- Begin elke keer met 'n **werkwoord**.
- Jou lysie moet **70 woorde** lank wees.
- Skryf jou lys wenke in jou **eie volsinne**.
- Moenie meer as een sin oor elke wenk skryf nie.
- Skryf die **getal woorde** aan die einde van jou wenke neer.


REISGOED

Sonder hierdie vyf reistoebehore sal **Anika Marais** nie sommer op 'n vliegtuig oorsee klim nie.


1. Maak jou vliegervaring effens gemakliker met 'n goeie vliegekussing. Dis veral belangrik vir 'n nagvlug, want hoe beter jy op die vlug slaap, hoe meer tyd wen jy die eerste dag van jou vakansie.




2. Lag maar in jou mou, maar ek is een van daardie toeriste wat my paspoort in 'n sakkie om my nek dra. Ek is baie vergeetagtig en het al 'n paar keer op reise my paspoort amper-amper verloor. Daarom waag ek nie meer kanse nie.



3. Op 'n vorige reis na Italië het my selfoonlaaier in die middel van die vakansie die gees gegee en moes ek ten duurste 'n nuwe een in Pisa koop. Sedertdien pak ek altyd 'n ekstra selfoonlaaier vir die wis en die onwis in.



4. Daar is niks wat my so frustreer soos 'n pap slimfoon nie. Jy wil ook nie (na drie uur in die ry) voor die beeld van Dawid in Florence staan en dan is jou foon te pap om 'n selfie te neem nie. Daarom dra ek altyd 'n draagbare selfoonlaaier saam met my. Jy laai hom snags deur jou rekenaar en bedags sal hy jou selfoon 'n uur of twee langer aan die gang hou.



5. Ek sukkel om te slaap in 'n nuwe omgewing met al die vreemde klanke. Ek pak dus altyd oorpluisies in om my deur die eerste paar nagte op vakansie te kry. Dit kom boonop goed te pas op 'n vlug as die passasier langs jou aan die snork raak.



Bron: Verwerk en geredigeer uit Beeld, 28 Mei 2016

[10]

AFDELING B: 10 PUNTE

AFDELING C POËSIE**VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG**

Lees die onderstaande gedig deur Tanja Joubert en beantwoord die daaropvolgende vrae.

klein geloof - Tanja Joubert

- 1 die kabouter is uit my tuin gesteel
- 2 en kersvader kom nooit meer op sy slee
- 3 die tandemuis was net my ma
- 4 en paddaprinse is amfibieë

- 5 Armstrong was die man op die maan
- 6 en my melkskommelweg het versuur
- 7 drake is dinosourusse
- 8 lugkastele is argitektuur

- 9 ek het ál my sprokies brand gestee
- 10 Realisme, Feite, Wetenskap:
- 11 EK KAN BEWYS!

- 12 maar waarom slaap ek met my lig nog aan
- 13 stoei met die monsters onder my bed
- 14 en waarom bid ek elke dag
- 15 dat die Prins op die donkie my moet red?

- 5.1. **Wat** beteken dit as jou geloof “klein” is? (1)
- 5.2. **Verduidelik** die **TWEELEDIGE** betekenis in reël 1. (2)
- 5.3. **Hoekom** het die spreker so ‘n negatiewe houding teenoor die romantiese fantasie van ‘n paddaprinse in die sprokiesverhaal? (1)
- 5.4. **Wat** beteken dit as iemand lugkastele bou? (1)
- 5.5. Het die spreker **letterlik** al haar sprokies aan die “brand gestee”? **Verduidelik.** (2)
- 5.6. Dink jy die spreker glo niks van die dinge waaraan sy as kind geglo het nie? Gee ‘n **rede** vir jou antwoord. (2)
- 5.7. **Wie** is die prins waarna sy verwys in reël 15? (1)

[10]

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig deur Franci Greyling en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Sterrekyker - Franci Greyling

1 Ek skryf 'n brief aan die man op die maan –
 2 bladsye en bladsye vol.
 3 Ek rol dit in 'n koker op,
 4 bind dit aan 'n pyl
 5 en skiet dit met 'n wilgerboog
 6 dat dit hoog die lug inseil.
 7 Ek sien hoe dit deur die sterre trek
 8 en om die maan gaan draai
 9 en al verder deur die donker lug
 10 'n duisend briewe saai.
 11 Nou wonder ek
 12 - en wonder jy? –
 13 het hy ooit sy pos gekry,
 14 of sou daar iemand anders wees
 15 wat al dié briewe dalk nou lees?

- 6.1. **Wat** is 'n sterrekyker? (1)
- 6.2. **Verduidelik** wat die uitdrukking: “Vertel dit vir die man op die maan” beteken en wanneer 'n mens die uitdrukking sal gebruik? (2)
- 6.3. **Wat** het die spreker heelwaarskynlik in die bladsye en bladsye aan die man op vertel? (1)
- 6.4. **Watter** stylfiguur gebruik die digter om te beklemtoon dat die man op die maan baie briewe ontvang? (1)
- 6.5. **Op watter stadium** begin die meisie se hoop vervaag dat haar brief heel moontlik nie die man op die maan sal bereik nie? (1)
- 6.6. **Haal die sin aan** waar die spreker ons, die leser, by die inhoud van die gedig betrek. (1)
- 6.7. Kies die **korrekte** antwoord en skryf slegs die vraagnommer en letter neer.
- Wat beteken dit as ons sê dat iemand soveel van 'n saak weet “soos die man in die maan”?
- A. Die persoon weet niks van die saak af nie.
 B. Die persoon is nie baie intelligent nie.
 C. Die persoon weet alles van die saak af.
 D. Die persoon is wys, soos die man in die maan. (1)
- 6.8. **Sê in jou eie woorde** wat die tema van hierdie gedig is. (2)

[10]

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

Bestudeer die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae.

Thumela – Elmé Barnard

1 tot siens meneer
 2 het jy geskree
 3 en vir oulaas gemaak ernstig
 4 na 'n kennisgewingbord
 5 met hordes sportaankondigings
 6 en lyste eksamenroosters
 7 wat jou nie meer kon raak
 8 gestaar
 9 jou boeksak toe
 10 met 'n wilde tol
 11 die lug ingeskiet
 12 en 'n geskiedenisboek gepos
 13 sodat die blaaie
 14 verward
 15 oor die verlate skoolvierkant saai
 16 terwyl jy laggend
 17 om 'n hoek verdwyn
 18 gemaak geskok
 19 het meneer weggedraai
 20 maar ek het bly wonder
 21 of dit vir jou
 22 dan niks beteken

- 7.1. Haal die **woord** aan wat sê dat die seun vir die laaste keer na die skool se kennisgewingbord kyk. (1)
- 7.2. Hoe weet ons dat die leerder nie sy onderwyser persoonlik gaan bedank het nie? (1)
- 7.3. Gee **een woord** uit die gedig wat vir ons aandui watter tyd van die jaar dit is. (1)
- 7.4. **Verduidelik** nou in jou eie woorde wat met die geskiedenisboek se los bladsye gebeur. (1)
- 7.5. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**? Motiveer jou antwoord.
Daar is nog baie skoolkinders op die skoolterrein. (2)
- 7.6. Kies die **korrekte** antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.

Watter soort **BEELDSPRAAK** is “sodat die blaaie/verward/oor die verlate skoolvierkant saai”?

- A. Metafoor.
 B. Vergelyking.
 C. Personifikasie.
 D. Alliterasie.


(1)

- 7.7. Hoe reageer die onderwyser op die gooi van die geskiedenisboek?
Noem **twee** dinge. (2)
- 7.8. Watter **woord** dui 'n wending/verandering in die gedig aan? (1)

[10]

AFDELING C: 30 PUNTE**AFDELING D: TAALVAARDIGHEID****VRAAG 8: WOORDSTRUKTURE:**

Voltooi die volgende paragraaf deur telkens die opdragte tussen hakies uit te voer. Skryf slegs die nommers en jou antwoorde onder mekaar neer.



Bron: <https://www.nielvanvuuren.co.za>

In die Volksblad, 'n **8.1 (newspaper – gee die Afrikaans)**, lees ons dat radiostasies 'n paar maande terug negentig **8.2 (% - skryf voluit)** plaaslike musiek moes speel. **8.3 (A.g.v. – skryf die afkorting voluit)** daardie besluit sou daar baie meer **8.4 (moontlikheid – skryf die meervoud neer)** vir plaaslike kunstenaars wees om bekend te word.

Die **8.5 (Suid-Afrika – skryf die korrekte vorm van die woord neer)** kunstenaars was baie gelukkig **8.6 (oor + dit – gee een woord)**. Elvis Blue, 'n gewilde **8.7 (iemand wat sing – gee een woord)** was **8.8 (nie tevrede nie – gee een woord)** oor die besluit.

Die man en vrou in die prent geniet dit om **8.9** (. . . – gee die korrekte voorsetsel) die maat van **8.10** (boer + musiek – gee een woord) te dans. Hulle dans dat die stof so **8.11** (___ - voltooi die uitdrukking).

Die meisie **8.12** (wat/wie - kies die korrekte woord) na Elvis Blue luister, het 'n **8.13** (klein – gee die intensiewe vorm) **8.14** (radio – gee die verkleining) in haar hand. Al die **8.15** (dans – gee 'n teenwoordige deelwoord) mense maak 'n mens lus om saam **8.16** (___ - vul die ontbrekende woord in) dans.

8.17 (Party – gee 'n sinoniem) mense het gesê dat dit goed was dat daar meer **8.18** (sagte – gee 'n antoniem) musiek gespeel is, want dit sou daartoe lei dat ons musiek **8.19** (kort-kort/kortliks/binnekort – kies die korrekte woord) van die **8.20** (gewild - gee die oortreffende trap) ter wêreld sou wees.

[20 ÷ 2 = 10]

VRAAG 9: SINSTRUKTURE

Bestudeer die strokiesprent hieronder en skryf die sinne soos aangedui.



Bron: <https://www.nielvanvuuren.co.za>

9.1 Almal ouer as 65 kan Oppikoppi gratis bywoon.

Oppikoppi...

(1)

9.2 Die oupa kam sy hare. Hy is soos Elvis Presley aangetrek.

Die oupa, wat...

(1)

- 9.3 Die jongmense neem hul eie beddegoed saam as hulle na Oppikoppi gaan.

Verlede jaar.... (1)

- 9.4 Die seun pak die motor vinnig. Hy wil vroeg by die kampterrein arriveer.

Die seun pak die motor vinnig om..... (1)

- 9.5 Die oupa kam sy hare verskeie kere. Hy lyk netjies vir die fees.

Die oupa kam sy hare verskeie kere nou . . . (1)

- 9.6 Hulle pak die motor. Hulle vertrek na die feesterrein toe. .

Nadat (1)

- 9.7 Die oupa moet opgewonde oor die fees wees.

Die oupa behoort (1)

- 9.8 Matrikulante en studente is by die fees.

Volgende jaar (1)

- 9.9 "Oupa, ons gaan by die Oppiekoppi fees dans."

Die seun sê vir sy Oupa dat . . . (1)

- 9.10 Oupa het sy ruk-en-rolanse voor die spieël geoefen.

Sy ruk-en-rolanse . . . (1)

[10]

VRAAG 10: KOMMUNIKASIE



[Bron: <https://s-media-cache-ak0.pinimg.com/jpg>]

Lees die scenario's wat geskets word en skryf dan die **persone se woorde** neer. Elke persoon moet **15 - 20 woorde** sê en dit kan een of twee sinne wees. Gee 'n akkurate **woordtelling by elke sin**.

- 10.1 Die eienaar van die huis is baie **ontsteld** oor die inbraak en bel die polisie sodat hulle die saak kan kom ondersoek. Skryf die woorde van die eienaar neer. (2)
- 10.2 Die een inbreker (Koos) vertel **opgewonde** vir sy maat wat hy alles met die gesteelde goed gaan doen. Skryf Koos se woorde neer. (2)
- 10.3 Die ander inbreker (Piet) voel baie **skuldig** oor wat hulle gedoen het en probeer sy maat **oortuig** om die goed terug te gee. Wat sal Piet sê? (2)
- 10.4 'n Rukkie later keer die polisie hulle voor. Koos maak ewe skielik asof hy niks verkeerd gedoen het nie. Wat sal hy sê om die polisie van sy **onskuld** te **oortuig**? (2)
- 10.5 Piet verkies om die **waarheid** te praat en om **verskoning** te vra. (2)

[10]

AFDELING D: 30 PUNTE

TOTAAL: 100